



Gelooftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Handelinge van die 9de Volksvergadering van die Gelooftevolk van Suid-Afrika, 7-8 Oktober 2017 te Dankbaar CVO Bloemfontein.

Die **tema** van die volksvergadering is: **Miga 6:2b "Want die HERE [1] het 'n twis met sy volk en sal met Israel 'n regsgeding hou."** Ons as volk bevind ons toenemend in 'n greep van magteloosheid en moedeloosheid dreig om ons ten gronde te rig. Die spontane ontstaan van ons volk tydens die protes teen plaasmoorde op 30 Oktober spreek van hulp van Bo. Laat ons derhalwe onself ondersoek en ons saak met ons hemelse Vader in die rein bring.

Hiermee 'n opsomming van die referate wat tydens die vergadering aan die orde was.

1. DIE IMPLIKASIE VAN DIE HERE (JHWH) SE REGSGEDING MET DIE GELOFTEVOLK- Dr. Ronnie van der Merwe.

Daar word in die ganse SKRIF aangetoon dat die onderhouding van GOD se WET tot vandag toe vir GOD welbehaaglik is. Vir die uitverkorenes in die Nuwe Verbond bring die werking van die GEES mee dat wetsonderhouding gedra word deur die liefde tot GOD ons VADER en SY SEUN, Jahshua ons Messias (Jesus Christus. Die regsomgewing wat GOD van die begin af gevestig het bestaan steeds maar die oordeel word nou in die Nuwe Verbond oorgedra aan die SEUN in WIE die reg gesetel is in SY amp as Wetgewer, Regter, Koning en Hoë Priester (Middelaar) volgens die Orde van Melgisedek.

Wanneer gelowiges se gewete afstomp en dit hulle nie bring tot skuldbesef en skuldbelydenis nie, word hul tot besinning getugtig omdat nie een van die uitverkorenes verlore mag gaan nie. Daar word aangetoon dat hoogverraad teen die Koning van Israel, nl. die korruptering van SY

¹ Bybel in Praktyk – verklaring van Ex.6:1-2: "Ons kan hierdie verse soos volg vertaal: "Ek is Jahwe. Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige (El Sjaddai), maar met my Naam Jahwe het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie."

Huisgenoot 19 Feb.1987; Prof. Janson skryf in "Sake van die Hart" - dat die Naam van die Skepper van hemel en aarde, wat Jahwe is, 6823 keer uit die Ou Testament uitgehaal is en met "die HERE" vervang is.

soewereiniteit, met konstitusionele wysiging gepaard gaan wat SY eiendomsvolk dan onderwerp aan strafgerig onder die dwingelandy van hul vyande.

Die Afrikaner/Boerevolk is sederd die volksplanting Verbondsvolk en Geloftesvolk. Hulle het met verloop van die geskiedenis verskeie Verbonde met die HERE (JHWH) aangegaan, nl. Die van Riebeeck Gelofte, Die Bloedriviergelofte en Die Paardekraalgelofte. Die SKRIF toon aan dat die versaking van Geloftes sonde meebring. Die Bloedriviergelofte bevat ook 'n statutêre klousule wat die koningskap van Christus oor die Geloftesvolk in erkenning bring.

Hierdie Geloftes het egter vergete geraak.

Pres.Kruger was die enigste staatsman vanuit ons volksgeledere wat tugtiging van sy volk in verband gebring het met volksonde en die nalating van die eerbiediging van die Bloedriviergelofte.

Hoewel die Geloftes versaak was, was die NAAM van die HERE (JHWH), as die ENIGE en ALMAGTIGE GOD, tog in die grondwet van die Afrikaner/Boerevolk uitgeroep. Ons volk het egter goedkeurend toegesien en ook begeer dat haar leiers die soewereiniteit van GOD aantas deur SY NAAM oor die volk uit die grondwet te verwyder om nie die afgodsdienaars aanstoot te gee nie. Soos vanuit die SKRIF tewagte, het GOD toe, soos met ou Israel, die ergste graad van strafgerig ingestel deur 'n konstitusionele wysiging te laat plaasvind en ons volk aan haar vyande onderwerp.

Hierdie is die vervulling van die profesie van Jesaja 18. Dit is egter 'n voorspel in aanloop tot die verwagte reiniging en herstel van ons volk in 'n Godsgeregeerde aardse Koninkryk soos geprofeteer deur die profeet Sefanja (Sef.3).

2. HOU DIE PROFESIEË VERBAND MET DIE DREIGENDE DERDE WÊRELD OORLOG EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE GELOFTEVOLK?-CHRISTIAAN KLEYNHANS.

Ons Bybel maak nie net melding van 'n fisiese oorlog nie, maar ook 'n Geestelike oorlog.

Ons as Gelowiges staar nie net 'n politieke oorlog met vuurwapens in die gesig nie, maar moet ook die Geestelike wapenrusting daagliks aantrek. Volgens **Efesiërs 6:11 – 12**; word daar ook gepraat van 'n “Hemelse oorlog teen die bose geeste in die lug.” Daar is drie oorloë tersprake in die profesieë, nl, Die Geestelike-, Fisiese- en Hemelse oorlog.

Die profesieë hou ook verband met die dreigende derde wêreldoorlog (wat deur die sesde basuin / trompetgeskal in Openbaring beskryf word) en die invloed daarvan op die Geloftesvolk.

Die Regsgeding van YAHWEH [die HERE] met SY Volk, weens hul ontrouheid wat geprofeteer word deur

Miga 6:2b, lei tot die 'VIER STRAFGERIGTE' volgens **Esegiël 14:21**; *“Want so sê die HERE [YAHWEH] die Almagtige: Hoeveel te meer as EK MY VIER KWAAI GERIGTE, SWAARD EN HONGERSNOOD EN WILDE DIERE EN PES, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei!”*

Die bogenoemde vers van Esegiël 14:21 kan ook gebaseer word op Bybelse profesieë volgens die Apokriewe geskrif uit **Henog 91:7**; *“Wanneer Verderflikheid en oortreding en laster en geweld en verkeerdheid en allerhande besoedelde dade vermeerder, en afvalligheid en besoedeling en vermenging toeneem, sal 'n groot strafgerig uit die Hemele kom oor al diesulkes, en die HERE [YAHWEH], die Aparte Een sal te voorskyn kom met Woede en Strafgerig om oordeel op Aarde te bring.”*

Hieruit kan ons aflei uit talle profetiese uitsprake in die Bybel, asook die woorde van oom Siener van Rensburg (Ons Boereprofeet), aan medegelowige Afrikaners waar hy gesê het: *“Hou vas aan die Geloof; daar kom moeilike tye, maar al wat julle deur hierdie tye gaan dra, is die Geloof.”*

Die Versamelde Werke van Totius se preke van 1921 spel duidelik die profetiese gebeure van Openbaring uit:

Die oopmaak van die seëls wat oorgaan na die basuine en dit word gevolg deur die sewe wraakskale. Die sesde seël is 'n baie groot aardbewing wat sal kom en die sesde basuin verteenwoordig die komende wêreldoorlog. Daarna volg die wraakskale (die nagevolge van die 3de WO).

Die Apostel Johannes sien vier perde met verskillende kleure, maar wat beteken dit?

Tosius wys aan, die perd het in die Heilige Skrif 'n besondere betekenis. Dit is nie 'n trekdier nie en ook nie 'n rydier nie. Om te trek is osse gebruik en om te ry, esels. Die perd was spesifiek daar om **OORLOG TE VOER**. Israel se koning was ook belet om perde te laat vermeerder (Deut17:16 en Hosea 14:4).

“Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar ons sal roem op die Naam van YAHWEH onse Elohey.” (Psalm 20:8).

Yahshua [Jesus], en nie die perd nie, was Israel se sterkte. Die tweede ruiter op die rooierige kleur perd (Vos of Bruin) met die swaard, bring OORLOG

Die derde ruiter op die swart perd verteenwoordig hongersnood wat altyd enige oorlog opvolg.

(Die weegskaal in sy hand dui op suinige afweeg van kos). Die vierde ruiter op die Vaalperd is die DOOD, nie net van mense nie, maar ook die natuur, die atmosfeer en hemelruim daarbo asook die see daaronder.

Totius haal ook aan **Hebreërs 12:26**; *Nog een maal (sê Elohim) laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.”*

Die Geestelike Oorlog duur al baie eeue lank en is 'n stryd tussen 'Goed en Kwaad' en moet geïdentifiseer word voor die wraakskale sal begin.

Aan die einde sal slegs die NAAM van Ons VADER ons beskerm.

Joël 2:32 profeteer: "En elkeen wat die NAAM van die HERE [YAHWEH] aanroep, sal gered word;"

Ons soek skuiling by die NAAM van YAHWEH [die HERE], al moet ons met SY Verskyning ook dalk in grotte wegkruip – Almal sal Hom sien en Hom vrees.

Hebreërs 12:29 waarsku: "Onse God [Elohey] is 'n verterende vuur."

Oor die Valse Profete: Valse profete se opkoms in ons land, mag ook groot gevaar inhou vir ons as Gelowiges. Volgens die **Apokriewe geskrif, Die Boek van die Opregte 8:16**; vra koning Nimrod aan Tera die volgende: "*Daarom vra ek aan jou, gee vir my die kind, sodat ons hom kan doodmaak voordat sy boosheid teen ons kan opstaan.*"

Belangrike tekste ter waarskuwing teen hierdie valse profete kan ook gelees word in **Jeremia 23:15 – 20; Openbaring 13:11 – 18 en Jeremia 8:12 – 22;**

Ter opsomming van bogenoemde waarskuwings tekste, kan Jeremia 25:14 – 34 aangehaal word:

"Gee aan hulle wyn van grimmigheid" (vers 15), "sodat hulle kan drink en waggel" (vers 16) "en dat hulle 'n puinhoop kan word vir bespotting" (vers 18) "om later vernietig te kan word". (vers 33 – 34).

Oor die Hemelse Oorlog

Dit speel af as die sewende basuin (trompet) blaas.

Openbaring 10:7, "Wanneer die sewende basuin blaas, dan is die verborgenheid van die HERE [YAHWEH] volbring".

Die verbindtenis van die Fisiese- met die Hemelse Oorlog lees ons in Rigters 5:19 – 20 wat sê;

"Konings het gekom, geveg; toe het die konings van Kanaän geveg by Taänag, by die waters van Migiddo

(Sien ook Openbaring 16:16) – geen stuk silwer het hulle geneem nie."

"Uit die hemel het die sterre geveg, uit hulle bane het hulle teen Sisera geveg."

Die sewe wraakskale: Behels die gevolge van die basuine en wêreldoorlog. Totius skryf oor die wraakskale "As dit eenmaal sovêr is, dan kan die aarde niks anders as 'n vreeslike uitgieting van rampe verwag nie, waardeur alle dinge hulle einde en voleinding bereik."

Hiermee saam volg:

Die Gebed vir die geestelike ontwaking en seënswens op ons Geloftevolk (Jesaja 51 en 52)

"Ontwaak, ontwaak, beklee u met sterkte, arm van die HERE [YAHWEH]! Ontwaak soos in die dae van die voortyd, onder die geslagte van lank gelede. Is dit nie u wat Rahab neergekap, wat die seemonster deurboor het nie?"

So sal dan die losgekooptes van die HERE [YAHWEH] teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.

En Ek het my woorde in jou mond gelê en in die skaduwee van my hand jou verberg; om die hemel te plant en die aarde te grond en aan Sion te sê: MY VOLK IS JY!

Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE [YAHWEH] die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig.” (Jesaja 51)

“Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie.

Skud jou los uit die stof, staan op, sit neer, o Jerusalem! Maak los die bande aan jou hals, o gevangene, dogter van Sion!

Daarom sal my volk SY NAAM leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!

Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE [YAHWEH]!

Want julle sal nie baie haastig weggaan en nie soos vlugteling vertrek nie; want die HERE [YAHWEH] trek voor julle uit, en die God [Elohim] van Israel is julle agterhoede.” (Jesaja 52)

3. Die jaarlikse bywoning van Geloftefeese byeenkomste is slegs ‘n gedeeltelike vervulling van die Bloedrivier Gelofte – Flip Swanepoel

Die ondersoek om vas te stel watter gedeelte van die Bloedrivier Gelofte nog nie vervul word nie, het aan die lig gebring dat die Voortrekkers van Natal na 20 jaar die sogenaamde Geloftekerk te Langmarkstraat 34, Pietermaritzburg verhuur en verkoop het.

Die algemeen aanvaarde opvatting is dat die bou van die Geloftekerk die vervulling van die Gelofte is. As die bou van die Geloftekerk die vervulling van die Gelofte was, sou die Voortrekkers dit nooit verkoop het nie.

Die waarheid is egter dat hulle nooit na die Geloftekerkie as sulks verwys het nie, aldus ‘n argivale ondersoek deur dr. Thom in opdrag van die Sentrale Volksmonumentekomitee gedurende 1945.

Verder is Langmarkstraat 34 deur hul volksraad toegeken aan die bou van ‘n pastorie, wat vir eers moes dien as ‘n tydelike kerk en Langmarkstraat 33 vir die bou van ‘n kerk, wat weens die Britse anneksasie van Natal gedurende 1843, nooit gebou is nie.

Die ondersoek het ook vasgestel dat die Gelofte, tans in gebruik, nie outentiek is nie maar ‘n rekonstruksie is van wat Sarel Cilliers 30 jaar later kon onthou. GBA Gerdener [teoloog en hoogleraar in sendingwetenskap], het die stigting van ‘n tempel in die Cilliers weergawe ingebring en is uiteindelik deur WEG Louw vertaal en verander na die oorig van ‘n huis. Die

sabbatsklousule is deur Cilliers bygevoeg en was nooit deel van die oorspronklike bewoording nie, wat as vol in die argiewe bewaar is:

“zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”— en dat zy ook moesten afsmecken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden.” [Bron: De Zuid- Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1839.]

Die jaarlikse Geloftefees byeenkomste vervul wel die klousule dat ons die gebeure aan ons verste nageslagte bekend sal maak by wyse van die sprekers en dat die erediens die eer aan God gee wat Hom toekom. Verder is dit ook 'n feestelike byeenkoms binne die Godsdienstige atmosfeer waarbinne dit 179 jaar gelede plaasgeving het.

Volgens 1Kon.11:38 kom die stigting van 'n Huis neer op die instelling van 'n Teokratiese bedeling. Dit is egter nog nie vervul nie en moet ons as Geloftepligtiges nog God se Hulp en bystand daarvoor afsmeek.

Met die ontleding van die algemeen aanvaarde teks van die Gelofte, soos deur WEG Louw vertaal, was daar nie 'n klousule wat die gedeeltelike vervulling van die Gelofte kon uitwys nie.

Eers toe die Outentieke weergawe die Gelofte ondersoek is, het die gedeeltelike vervulling aan die lig gekom.

Die tekortkoming tydens Geloftefees byeenkomste is die as volg:

- a) Die stigting van die huis ter nagedagtenis van Sy Groot Naam waar dit Hom behaag, is nie die bou van die sogenaamde Geloftekerk nie, maar die totstandkoming van 'n Teokrasie (Melgisedek-krasie / Melgisedek Orde),
- b) waarvan ons as Geloftepligtiges die verantwoordelikheid het om konsepwetgewing op te stel en aan Vader JHWH voor te lê by wyse van lotsbeslissing.
- c) Tot en met die afhandeling daarvan is dit ons plig om gereeld te bid vir die volbrenging van die Gelofte, nl. die geografiese afbakening (sowereriteit) van die Teokrasie van Gelofteland waar en wanneer dit ons hemelse Vader behaag.
- d) Dit is die boodskap wat deur die sprekers en predikers onder toesig van die Feeskomitees gedra moet word ter nakoming van die bekendmaking van die Gelofte “zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden.”

4. Verantwoordelikheid van die Huis van Bloedrivier teenoor die volke wat ook deel van die kudde is - Dr. Jan Schlebusch

Die wette en voorskrifte van die Bybel is nie op die individue van toepassing nie, maar ook juis op die verbondsvolk. Dit is ons oortuiging dat die heilsgeskiedenis van Israel juis opgeteken is as voorskrif en riglyn vir die verbondsvolk – ook die moderne verbondsvolk.

Die doel van volke is dat mense God in volksverband moet soek. Imperialisme is onbybels. Ons is nie geroepe om oor ander te heers nie, net om die evangelie aan al die volke te verkondig. Teenoor ander gelowige volke en oorblyfsels moet ons getuienis lewer en vrymoediglik berispe, maar ons moet hulle verbondsverantwoordelikheid respekteer. Ons staan nie in 'n gesagsverhouding met hulle nie.

'n Goeie voorbeeld van samewerking tussen Christenvolke was die Bisantynse Ryk. Dit was nie 'n suiwer imperiale ryk nie, maar eerder 'n konfederasie waar elke volk sy outonomie behou het en die federale regering net verantwoordelik was vir buitelandse beleid en verdediging. Dit is belangrik om die geskiedkundige konteks te verstaan dat die Christendom gedurende hierdie hele tydperk 'n fisiese oorlewingstryd gevoer het teen die aggressie van Islam. Daarom was die militêre samewerking van die Christenvolke noodsaaklik vir die oorlewing van die Christendom. Die uiteindelijke val van die ryk het dan ook gekom toe Sirië wou afstig en Konstantinopel hulle met geweld wou dwing om deel van die konfederasie te bly. Die oorlog het albei so verswak dat die Islam hulle albei oorweldig het.

Wie is huidiglik volke van dieselfde kudde?

In die Ou Testamentiese tyd was Israel aanvanklik die enigste verbondsvolk. Na die skeuring was daar twee verbondsvolke, naamlik Israel en Juda. Israel het egter heeltemal afgewyk en daar was net 'n klein oorblyfsel wat Godvresend was. Jes 19 profeteer dat ook Egipte en Assirië verbondsvolke sou word. Hierdie profesie is vervul in die vroeë Christelike kerk, want die grondlegging van die Oostelike Kerk is in die eerste 3 eeue nC in Assirië en Osroene was ook die eerste verbondsvolk in die era na Christus met 'n onafhanklike Christelike staat. En Alexandrië in Egipte het 'n belangrike sentrum van die vroeë Westelike kerk geword.

Die groot verborgenheid van die Ou Testamentiese profesieë dat al die volke van die aarde in Abraham se nageslag geseën sal word (Gen 12; 22; en 26), word in Rom 8 tot 15 aan ons bekend gemaak dat daar nou ook ander verbondsvolke op die 'wortel' van Israel ingeplant is. So was of is al die Europese volke verbondsvolke. Hulle het dit dan ook so verstaan dat die opdragte en beloftes aan Israel op hulle van toepassing is. Die Geloftesvolk is ook so 'n verbondsvolk. Hoewel ons afgedwaal het en ons nou onder God se strafgerig staan, is dit ons gebed dat die Heilige Gees ons volk sal lei tot bekering en dat ons Vader ons sal red uit hierdie strafgerig.

Maar Assirië, Egipte en die Wes-Europese volke het afgedwaal. Daarenteen is die volke van Oos-Europa, veral die Russe, die Pole, die Hongare (of eintlik Magjar); die Romeniërs; en die Serwiërs besig om te herstel van Kommunisme en bely hulle openlik hulle afhanklikheid van God. Hulle is meesal egter Ortodoks of Katoliek. Ons sal dus nie teologies baie saamstem nie. Die vraag is dus ook waar die afsnypunt van dwaling is? Volgens die Bybelse voorskrif sou ons wel met al hierdie volke militêre en ekonomiese verbonde kon sluit, maar waar die teologiese verskille groot is, sal ons 'n versigtige afstand moet hou. Daar sal selfs 'n afsnypunt moet wees waar 'n sogenaamde Christenvolk duidelik nie die ware God dien nie.

Sekere Afrika volkere word ook gereken as Christenvolke. Ons weet egter dat hulle die Christelike geloof meng met die Afrika-geloof. Ons sou dus ook nie teologies by hulle aansluiting vind nie. Bykomend is hier ook nog die rasseverskil wat maak dat ons lewensbeskouings drasties verskil. Ons moet hulle vriendelik behandel, maar ons moet ons kulturele afstand behou.

Daar is wel gelowige groepe in Europa, die VSA, en in ander lande wat God in Gees en Waarheid dien. Hulle is die oorblyfsel wat die Here behou het. Met hulle moet ons aktief skakel en bande bou – ook op teologiese gebied. Die moderne internet en lugvaart maak dit moontlik.

Wat dan nou van die goddelose volke? Mag ons met hulle handel dryf? Dit lyk tog asof Salomo se handel met goddelose volke aanvaarbaar was. Toe die Europese volke ware verbondsvolke was, het hulle ook met goddelose volke soos die Indiërs handel gedryf. Ook bv met die Hottentotte aan die Kaap. Dit lyk dus of ons steeds voertuie en rekenaars van Japan en Korea mag koop, maar ons mag geen verbond met hulle sluit nie.

Wat van Internasionale organisasies soos die VVO en die Wêreldhof; die IOTH en die gesondheidsliggame? En die volkeregtelike reëls oor oorlog? Ek meen ons kan met sekerheid sê dat ons wel mag saamwerk met ongelowige volke in die bestryding van dwelmhandel en fito-sanitêre maatreëls om die verspreiding van veesiektes en siektes in landbouprodukte te voorkom. Ek is minder seker of ons ander internasionale ooreenkomste mag onderskryf, maar indien ons dit sou goeie vind, dan met die uitdruklike voorbehoud dat ons JHWH se gesag bo alles erken en enige ooreenkoms daaraan ondergeskik stel. 2 Kor 6 leer dan ook duidelik dat ons nie met die ongelowige in dieselfde juk mag trek nie. Hier moet ons ook versigtig wees vir die versoeking om saam te werk met ongelowige volksgenote en simpatieke buitelanders wat hulle ook vir ons volksvryheid beywer.

Internasionale verhoudinge is in wese 'n magsverhouding. Die Christenvolk se God is almagtig en ons het dus niks te vrees van ander volke en ryke nie, solank ons aan God se gesag onderwerp en in Jesus bly. Ander volke het ook niks te vrees van 'n ware, Godvresende volk nie, solank hulle nie die Christenvolk bedreig nie, want die Bybel leer dat ons ander volke met respek en geregtigheid moet behandel. Daarom moet die Christendiplomaat ook nie uit eie krag met ander volke en ryke onderhandel nie; Ook nie uit 'n mindere

posisie na aanleiding van die militêre of ekonomiese vermoëns van die onderskeie lande nie; ook nie primêr as verteenwoordiger van die volk nie; maar uit 'n gesagsposisie as Koningskind en verteenwoordiger van die almagtige God.

Enige ooreenkoms of verbond met 'n ander volk, selfs 'n verbondsvolk, moet in elk geval aan God se beslissing onderwerp word.

5. Moet ons as volk ag gee op die tekens van die tye, die son die maan en die sterre?- Migael Lombaard

Vader se kinders bemoei hulle met bogemelde omrede hulle 'n hoop in geloof koester vir Sy koms. Vader het die son maan en sterre geskape om onder andere te onderskei tussen dag en nag, tekens en seisoene. Die elemente dien ook as teken om te onderskei tussen dae, jare en vaste tye.

Ons as volk moet duidelik onderskei tussen astrologie, astronomie en waarsêery, wanneer tekens soos hiervoor gemeld geraadpleeg word. Die geskiedenis van die ontstaan van astrologie dui duidelik daarop dat die astrologie sy ontstaan in afgodery gekry het.

Vader se woord waarsku ons oor astrologie en sanksioneer die deelname daaraan dienooreenkomstig. Sien byvoorbeeld die volgende tekste: Deut. 18:10-12. Waarsêery is ook sinoniem aan astrologie soos uiteengesit word in: Jes 46:10-11 en Jes 47:10-14.

Van groot belang is, is dat tekens wat wel in die hemel plaasvind as 'n metafoor gebruik word ter bevestiging van profesie wat alreeds geprofeteer is. Sien byvoorbeeld Num 24:17, die profesie wat die geboorte van ons Messiah voorspel het.

Bogemelde verse stel dit duidelik dat ons as volk baie versigtig die sterre tekens moet bejeen. Jahshua [Jesus] vertel ons van die teken van Sy koms in Luk. 17:26-27. Wat wel van groot belang is in hierdie vers is dat Noag tussen sy tydgenote een van baie min was wat ras eg was. In Dan. 2:43 word dieselfde analogie gebruik in die begingsel van die huwelik en ras egtheid.

Die konklusie is dat ons as volk liewers op die profesie in die woord moet ag slaan en nie die sterrekunde prober analiseer nie.